



www.EindtydGebeure.com

NUWE BESOEKER -

WELKOM! Hierdie webblad het ten doel om jou in te lig oor eindtyd-gebeure – ‘n tydperk waarin ons NOU lewe. Soos die wyse manne, ten tyde van Jesus se geboorte, genoegsame tekens gehad het om te weet die Verlosser van die wêreld is gebore, net so is daar genoegsame tekens vir ons vandag om te weet Jesus se wederkoms is NABY. Ons leef in moeilike, bese en eienaardige tye en ons moet weet wat agter die skerms aan die gebeur is. Terwyl ons jou wil inlig, wil ons jou ook toerus en bemoedig met die hoop wat ook in ons lewe. Eindtydgebeure skets die laaste ure van ons aardse en huidige bestaan en help jou om voor te berei en uit te sien na ‘n ewige en hoopvolle toekoms!

Belangrik!

Jou beskouing van die waarheid mag verskil van wat jy dalk hier gaan lees en ervaar. Tessalonisense 5:21 sê ... "*Beproef alle dinge; behou die goeie.*" In die vorige vers (vers 20) word gevra dat ons nie die profesieë moet verag nie. Ons gaan baie in die profetiese boeke Daniel en Openbaring delf en die uitlegte gee. Dis jou plig om moeite te doen en hierdie uitleg te TOETS met wat jy reeds verstaan deur eerstens jou BYBEL biddend na te slaan en 'n deeglike studie te doen. Gaan toets dit verder met jou geestelike vriende en kry SEKERHEID. **Mag jy ‘n ryke sien ontvang in jou soeke na die waarheid!**

Ons Uitgangspunt -

Uit bostaande paragraawe kom jy agter dat ons die Bybel beskou as die ENIGSTE bron waaruit ons alles interpreteer. Jy twyfel dalk oor hoekom dan juis die Bybel as bron van waarheid te gebruik waar daar soveel ander gelowe, geestelike boeke en bronne is om van te kies. Jy twyfel dalk selfs hoekom dan die God van die Bybel te "sien" as die ware god. Voor jy dus verder studeer oor wat die Bybel sê oor eindtydgebeure [werk eers deur die volgende studie \(klik hier\)](#) om die geloofwaardigheid van die Bybel en die God van die Bybel te verduidelik.



Eg Suid Afrikaans -

Koeksisters, beskuit, biltong, boere-meisie, boer maak ‘n plan, ‘expats’, Rugby, Krieket, Suid Afrika – as hierdie woorde in jou woordeskat is, dan is jy in die wêreld van die Afrikaner; dis

ons wêreld hierdie! Hierdie webblad is geskep met jou in gedagte. Daar is vele web blaaie waar jy soortgelyke inligting gaan kry, maar nie in jou Moedertaal nie.

Eindtydgebeure is nie 'n Engelse ding wat net met andertaliges gaan gebeur nie. Nee, Afrikaner, jy moet weet wat aangaan sodat jy ingelig kan wees en die regte perspektief hê wanneer jy vandag se wêreld-gebeure aanskou en beleef. Ons hier in Suid Afrika het 'n unieke realiteit en ons leef "in ons eie wêreld". In 'n sin raak die dinge van die buite wêreld ons nie want dit is vir baie van ons 'n geval van oorlewing: Daar is nie tyd of energie vir baie van die dinge wat binne ons land gebeur nie, wat nog gepraat oor buiteland se gebeure...

Hierdie webblad wil binne die konteks waarin jy verkeer met jou praat, jou inlig, jou waarsku, jou hoop gee, jou toerus. **JY, Afrikaner, is God se Skepsel, JY is uniek, JY is kosbaar, met 'n kosbare roeping (in Suid Afrika of waarookal jy jou nou bevind).**

Asseblief! Maak tyd, lees, bedink, bid, herkou. Kom terug, vra vrae, toets dit, luister na jou innerlike stem en wees verlig en gesënd!

Hoe om Hierdie Webtuiste te Benader -

(Werk deur ELK van die volgende bladsye in die volgorde soos aangedui)

1. [Lewe ons werklik in die eindtyd? Wat sê die Bybel oor tekens wat sigbaar sal wees in die eindtyd? ...MEER HIER](#)
2. [Watter tekens is nou wel sigbaar dat die einde van die wêreld hier is ... IN DIE HEMEL RUIM en ...eindtyd tekens OP DIE AARDE](#)
3. [Is daar dan 'n "finale teken" waarvoor ons op die uitkyk moet wees? ...MEER HIER](#)
4. [Verstaan die voorspellings \(of profesieë\) wat die Bybel ons gee oor eindtyd gebeure ... PROFESIEë VAN DANIël en die PROFESIEë VAN OPENBARING](#)
5. [Hoekom juis die Bybelse weergawe van eindtyd-gebeure aanvaar? \(Hoe betroubaar is die Bybel dan?\) ... MEER HIER](#)
6. [Hoe moet ek my lewe inrig en lei om te deel in die vreugde wanneer Jesus terugkeer? ... MEER HIER](#)
7. [Verdere studie oor hierdie onderwerpe ... MEER HIER](#)

"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is." Openbaring 2:7